



Obelix dié keer verlei met sakke vol geld

Strokiesverhaal

Obelix & Kie.
René Goscinny en Albert Uderzo
Vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois
PROTEA, R150

Sedert Protea Boekhuis in 2013 begin het om die gewilde Asterix-reeks in Afrikaans uit te gee, stoom dié vertalings al om die ander jaar voort.

Pas het die 23ste boek in die reeks, *Obelix & Kie*., verskyn met die volgende ene, *Asterix in België*, flink op sy hakke.

Met die aanvanklike vertalings het 'n groepie van ons informeel op Facebook idees heen-en-weer gegooi oor wat vir ons gewerk het, en wat nie.

Een van die bydraers, 'n man in die regsberoep in Duitsland, het tereg na van ons verwys as Pedantix en Didaktix...

Van die besware in die begin was dat die Afrikaans soms te stram is, en dat die oordrag van die humor eerder uit die Engels is in plaas van die oorspronklike Frans.

Hoewel Sonya van Schalkwyk-Barrois regstreeks uit die Frans gewerk het, was dit duidelik dat sy ook een oog op die Engels gehad het – soos 'n mens myns insiens van 'n vertaler wat haar sout werd is sou verwag.

Maar met elke boek, elke vertaling leer 'n mens iets... en ek reken met *Obelix & Kie*. is Van Schalkwyk-Barrois op 'n goeie lorie.

Wat die storie betref: Julius Caesar stuur vir Caius Ferregaandus, 'n slim MBA-mannetjie, om die Galliërs besig te hou deur hulle voor te stel aan die sakewêreld. Arme Obelix val pens en pootjies vir die idee en word 'n grootmeneer in die menhirbedryf. Maar sal sy welvaart geluk bring?

Wanneer Caesar aan die begin van die boek met sy hande in die hare na sy raadgevers sit en luister, kan 'n mens nie help om aan ons beleërde president, Cyril Ramaphosa, te dink nie.

“Hoekom skep ons nie 'n kommissie om die saak te ondersoek nie? En sub-kommissies met duidelik uitgestippelde take...”

“Wat van 'n werksete?”

Kom sit gerus aan.
■ **Jo Prins** is 'n boekeredakteur en vryskutjoernalis van Johannesburg.

'n Teks van grense wat oorgesteek word

In hierdie dae waar teaters onder beleg is en opvoerings onmoontlik, hoop sy RSG sal dié ryk teks vir radio opraap, skryf **Joan Hambidge**.

Versdrama

Met die oog op môre
Antjie Krog
PROTEA, R200

Antjie Krog het reeds haar hand gewaag aan die herdigting van Tom Lanoye se tekste en veral haar verwerking van *Koningin Lear* in 2019 was as teaterervaring (met Marthinus Basson as regisseur) en as leesteks vir hierdie kritikus 'n hoogtepunt.

Met haar versdrama word die woorde “A re shweleng fatshe la rona” (Laat ons sterf, die grond is ons s'n) die subteks, wat 'n verbeelde interaksie tussen twee figure weergee. Hierdie mito-poëtiese gesprek waai uit na ons huidige situasie.

Die skering en inslag van hierdie teks is sowel poëties as feitlik. Hier is baie woordhandeling, soos kenners van die versdrama dit beskryf.


Die twee hoofspelers is Moshoeshoe I en Eugène Casalis, 'n Franse sendeling van 1837 tot 1855 in Basoetoland. 'n Swart koning word geplaas teenoor 'n wit sendeling. In hul poging om saam te werk word die spanning en verskille tussen hulle uitgewerk. Die koning van prysliedere teenoor die man van God.

Grondbesit is die ondergrond van die drama en hoe wit trekkers hulself as superieur ervaar. Aan wie behoort die grond? Die drama ondersoek eweneens die hele problematiese kwessie van die sendeling wat “heidene” wil kersten en dink hy het die waarheid in pag.

Met die koning wat priemen-de vrae stel oor die heilige Drie-eenheid en die betekenis van Christus. Is Hy nie maar net 'n voorvadergees wat in-tree nie?

Krog se opposisies tussen wit en swart, man en vrou, Afrika en Engeland, hede en verlede word kompleks uitgewerk. Sy wys op die ideologiese verskille en maak van haar karakters werklike mense met foute en mistastings. So vernies sy die maklike slagkat wat die drama eentonig of enkellynig sou maak.

Sy aktiveer 'n gender- en rassediskoers wat volgens moderne teoretici albei as konstruksies benader moet word. Die rol van vroue as teenspelers en hier 'n gewete, soos verbeeld in mev. Casalis en



haar dogter wat orneem by die vader, word 'n teenpool.

Die metriese eise van die versdrama kom die digter na.

Sy speel met die jambiese versmaat en maak alles dramaties vir die leser-as-kyker.

Name word genoem sodat die teaterganger 'n karakter sal herken. Daar is ook toordokters, 'n profetes en 'n koor.

“Die draaiende bal van vuur met 'n arend se glurende oë wat niks ontgaan nie” teenoor koning Salomo se wysheid word 'n verdere spanning in die teks. Primordialiteit, argetipes en in haar digkuns het sy deur die jare verskeie koor-sange in bundels geskryf, by-

met
die
oog
op
môre

ANTJIE KROG

'n versdrama

Aan wie behoort wat? Waar word die grense getrek? Dit is 'n teks van liminaliteite en grense wat oorgesteek word.

Ook die geskiedenis word betrek met die rol van Cathcart en Brittanje se hantering van protektorate. Koningin Victoria en prins Albert is op die agtergrond aanwesig. 'n Luiperd-vel as geskenk aan koningin Victoria begrond alles verder.

Die ellende van misverstand: Basotho's sit opmekaargedruk soos paddavisse in 'n skep-bas (bl. 85). Krog se beeldende vermoë is hier oortuigend in aksie en in haar digkuns het sy deur die jare verskeie koor-sange in bundels geskryf, by-

kans as voorlopers of oefeninge vir hierdie teks.

Die leser word van 'n uitgebreide leeslys voorsien vir verdere navorsing.

Een punt van kritiek: Die p-woord val vir my buite die toonaard van die koning se manier van praat en sy denke.

Krog se *Met die oog op môre* moet teen die volgende tekste geplaas word, omdat die leser al hierdie intertekste saamdra. Dalk is dit haar antwoord op Van Wyk Louw se *Germanicus* (1956)?

Gaan lees gerus Jo-Marie Claassen, 'n klassikus, se voortrefflike analise van hierdie drama op LitNet. Wat histories

Die grootsheid van 'n teks word aan sy antwoorde of parodieë herken.

onwaarskynlik kan wees, is wel dramaties regverdigbaar, sowel by Louw as in Krog se versdrama.

Die epos het in Afrikaans hoogtepunte beleef met Louw se *Raka* (1941) en Opperman se *Joernaal van Jorik* (1949) en hierdie teks praat implisiet met die twee klassieke werke.

Hierna was daar Lucas Malan se *Hongergrond* (1994) en meer onlangs Hein Viljoen se *Brisant* (2019), al beskryf as 'n postmodernistiese epiëse gedig, met verskillende betekenislae wat besondere eise aan die leser stel.

Jolyn Phillips se *Bientang: 'n /naugedig* (2020) werk met “stofpadgedigte” met verskillende metriese patrone oor die geskiedenis, sowel binnelands as buitelands, om die figuur Bientang.

Nogal 'n ryk skat in Afrikaans van 'n besonder moeilike digvorm, wat gehoor moet gee aan die eise van die digkuns én die luisteraar moet bevredig indien dit uitgesaai word. En die opvoering eis weer iets anders, want hier het jy kyker én toehoorder.

Hoeveel weergawes het *Raka* nie al met sukses beleef nie. *Raka* is selfs al as 'n ballet verwerk. Die grootsheid van 'n teks word aan sy antwoorde of parodieë herken.

Dink maar aan Tennessee Williams se *A Streetcar Named Desire* (1947) wat Almodóvar so voortrefflik ingeweef het in sy fliek *All About My Mother* (1999). En Williams was ook digter; hierom is die musikaliteit van sy dramas tersaaklik. Elke punt en aandagstreep moet nagekom word.

In hierdie dae waar teaters onder beleg is en opvoerings onmoontlik geword het, sal RSG se vindingryke Kobus Burger hopelik die uitdaging sien om hierdie teks vir die radio aan te bied. Anders is my geld op Basson sodra die teaters weer volskaals funksioneer.

■ **Joan Hambidge** beklee die Hofmeyr-leerstoel aan die Universiteit van Kaapstad.



Boeiende vertelling wek diep deernis

Niefiksie

Die kind se naam is Anneke
Juliana Coetzer
HUMAN & ROUSSEAU, R275

Bloedvreemd deur Juliana Coetzer het ses jaar gelede verskyn.

In dié aangrypende ware verhaal vertel Coetzer hoe sy en haar man, Fanus, se sewejarige dogter, Anneke, deur 'n virus aangetas word wat haar progressief breingestremd laat, en van die stryd om by dié tragedie aan te pas. Mense wou weet: Wat het intussen van Anneke geword? Hoe gaan dit met haar?

Anneke is in haar 20's. Sy is steeds op haar gesin aangewese. Haar siekte word erger. Haar gemeenskommeling wissel van liefdevol tot aggressief. Demensie neem toe. Dit word al hoe moeiliker, feitlik onmoontlik, om met haar huis te hou. 'n Uitstappie na 'n supermark word 'n nagmerrie.

Juliana en haar man se onvermoë om hul dogter se gestremdheid en alles wat daarmee saamgaan te aanvaar en daarby aan te pas, vorm die kern van die boek. Daar is baie wanhoop. Dit word goed versinnebeeld wanneer Juliana vir Fanus vra: “Voel dit nie vir jou ook soms asof jy uit hierdie storie wil padgee nie?”

En later: “Wat doen ek verkeerd? Wat moet ek wees?”

Om na alternatiewe huisvesting vir Anneke te soek, raak onafwendbaar. Toe hulle eindelijk vir haar plek in 'n inrigting kry, is haar verblyf daar onsuksesvol. Die soektog duur voort.

Om 'n boek soos hierdie te laat slaag kan nie maklik wees nie, maar soos sy voorganger is *Die kind se naam is Anneke* 'n eerlike en boeiende vertelling en wek dit diep deernis. Al word die uitdaginge wat aan die gesin gestel word omvattend weergegee, beseef en aanvaar jy dat niemand sulke uitdaginge volkome kan begryp indien jy dit nie self moes deurmaak nie: die Coetzer-gesin se ontberings bly feitlik ondenkbaar.

Die boek dreig soms om prekerig te raak, maar dit pla nie regtig nie. Net soos *Bloedvreemd* ruk *Die kind se naam is Anneke* jou tot stilstand. Dis 'n aangrypende verhaal.

■ **J.B. Roux** is 'n vryskutresensent van Riebeeck-Wes.

Teer, opwindende jeugroman ruk leser aan die hart

Tienerrfiksie (15+)

Baster
Jan Vermeulen
LAPA, R220

Jan Vermeulen skryf nie bedeesde, gemoedlike, maklik verteerbare lekkerleesboekies nie.

O, nee. As 'n kerkman met skryfwerk verdeel tussen jeugverhale en misdaadfiksie val dit op hoe tonele in Vermeulen se verhal van konfrontasie, trauma en verlies jou hart uit jou bors wil laat spring.

Vermeulen-aanhangers sal weet hoe gereeld die hart – letterlik en figuurlik – in sy tekste figureer; dink aan *Oopmond* se hoogdrama en *Ondier* se gruuls; hoe kreatief Vermeulen met sake van die hart omgaan. Dis nie te sê dat die skrywer se werk ontoeganklik en swaar is of leesbaarheid inboet nie. Intendeel. Dis juis opvallend hoe daar vrye teuels aan 'n vrugbare verbeeldingswêreld gegun



word. Hoe die boustene van intrige en spanning sorgvuldig en met groot omsigtigheid saamgevoeg word om 'n nuwe wêreld vir lesers oop te skryf, beeldryk en vol patos.

Dis my gevoel dat Vermeulen se jeugverhale ook tot 'n ouer, meer wêreldwyse gehoor spreek – soms is dit so dat die gegewens so wil wil raak aan melodrama, maar dat die vertelling oortuigend genoeg aangebied word dat die opheffing van twyfel steeds kan plaasvind.

Die dood wag om elke hoek en draai. Verlies van geliefdes en van 'n vaste sin van betekenis word voortdurend uitgebeeld. Die wêreld is donker, maar daar is tog 'n tikkie lig. Wat en hoe ons onthou maak altyd saak.

Dus iemand wat jou laat dink, ja, maar beslis een wat jou laat voel. Vermeulen, voel dit vir my, is 'n man wat sy lesers met elke roman 'n ervaring gun. *Once more with feeling*. Jy vergeet nie somer van gebeure en karakters as jy 'n Jan Vermeulen lees nie.

As die gesamentlike naaswenner van Lapa se 2020-jeugromankompetisie (saam met Maretha Maartens se *Bethel se berg*) word hierdie aangrypende jeugroman op die agterplat bemark as 'n “grootwoord-verhaal waar die liefde nie alles oorwin nie, maar tog alles leefbaar en op 'n unieke manier weer heel kan maak”.

Inderdaad is *Baster* 'n besonderse roman, een wat nie bloot 'n konvensionele liefdesverhaal met onkonvensionele elemente inkleur nie, maar 'n grootwoord-verhaal wat in wese die liefde self verken. 'n Jeugroman oor verskillende liefdes – romantiese liefde, die van 'n ouer vir 'n kind en tussen ouers, verlieftheid en begeerte, die liefde as vriendskap en naasteliefde, liefde van God vir die mens, en die liefde, veral, tussen mens en dier. Veral tussen 'n tienerseun en verskillende honde.

Vermeulen se titel is gepas, interessant en opspraakwekkend. Ver-naam in die sin dat dit 'n oorkoe-

Baster verken die stryd tussen die goeie en die bouse deur die wêreld van honde-ontvoerings en onwettige gevegte.

pelende belangstelling in manifestasies van identiteit, vorms van behoort, en mens én dier as tragiese uitgeworpenes, randfigure, bevarktes en beplektes – die met “gemengde bloed” en die wat “bevuil” is wat nie alleenlik in die lig kan loop nie – mooi saambind. Die woord “baster” het konnotasies met ras en identiteit, maar in hierdie verhaal word die woord veral ontleen aan 'n baie spesiale basterfoksterriër wat heeldag aan 'n paaltjie vasgemaak moet oorleef.

Dit is hierdie hond se stryd om oorlewing, en die band wat ontwikkel tussen Baster en Karel, wat 'n groot deel van die roman se emosionele kern vorm. Die dier as agent van formasie en transformasie, as tussenganger tussen fisieke, emosionele en geestelike wêreld, as troeteldier, geesgenoot en vierpotige broer vir die mens en Karel, is iets om na uit te sien.

Vermeulen beeld die onsekere geestesreis en groei van die hoofkarakter, Karel, met groot sensitiviteit en deernis uit. Die liefdesverhaal tussen die gr. 11-leerling Karel en sy ietwat ouer vriendin Ossie (Monique) wat reeds 'n jaar op universiteit was op Stellenbosch, kon problematies wees, maar word baie sensitief geskets. Ossie se siekte ('n breingewas word by haar gediagnoseer) word deernisvol hanteer. Lesers kan hulle solank staal vir trane – dis immers 'n Vermeulen-jeugverhaal.

Baster verken die stryd tussen die goeie en die bouse deur die wê-

reld van honde-ontvoerings en onwettige hondegevegte kaalvuis beet te pak. Karel, wat 'n veearts wil word en telepaties met honde kan kommunikeer, moet met die hulp van sy polisiesman-pa, Klaus, opstaan teen die gruwelike antagonis, Dagger, wat duistere planne in die mou voer om honde wat die leser leer ken en liefhet tot die dood toe teen mekaar te wil laat baklei.

Die Bybelse naam Karel beteken in Oudgermaans “vrye man”. In *Baster* is hierdie naam uiters gepas soos Vermeulen Karel se identiteit en verwantskap met sy streng pa probeer uitpluis, en die leser self stelselmatig sien hoe hierdie jong man saam met sy geliefde Baster in verskeie opsigte ironies “vasgeketting” is.

Hierdie teer, opwindende roman loop uit op 'n stel onvermydelike konfrontasies – sekere voorspelbaar, maar almal emosioneel verwoestend.

■ **Jonathan Amid** is 'n vryskutresensent van Stellenbosch.